Efesiërs 4 | Hemel op Aarde... | 13 November 2022 | Ds. Teodor van der Spuy

tvanderspuy@moreleta.co.za

Inleiding

Paulus skryf aan die kerk in Rome en herinner hulle aan die koste van dissipelskap. Hy is in die tronk en besef opnuut dat die Evangelie van Jesus dit alles die moeite werd is. Dan bemoedig hy mede kerk lidmate om dieselfde te doen. Omhels jou omstandighede, Hy is dit waardig. Pas jou lewenswandel dienooreenkomstig aan om eer aan Jesus te bring.

1. Watter opofferinge moes jy in hierdie jaar maak om deel van hierdie kring te kon wees?
2. Het jy onder mense in onguns verval omdat jy Jesus beter in die jaar kon volg? Deel hierdie intieme verhale met mekaar.
3. Het jy hierdie jaar waardig van jou roeping geleef om 'n volgeling van Jesus te wees? Waar dink jy het jy kortgekom?

Praktiese voorbeeld vanuit vraag 3: Veronderstel iemand in jou kring gaan vra 'n werk kollega of hy/sy dink jy is 'n volgeling van Jesus? Wat dink julle sou die antwoord wees?

Lees saam

Efesiërs 4:1-7a

- Een persoon lees die gedeelte.
- 'n Tweede persoon vertel die verhaal so volledig moontlik. Moenie die gedeelte opsom of jou opinie gee van wat hier staan nie. Vertel so feitelik moontlik wat hier staan.
- 'n Derde persoon lees die gedeelte 'n tweede keer.

Wenke vir leier

- Om Jesus te volg kos iets van 'n mens. Wys vir die groep uit dat dat eer in die opoffering was om deel te kon neem aan hierdie spesifieke kring.
- Betoon aan mekaar dankbaarheid vir elkeen se tyd, vir elkeen se vermoë om te luister, vir die wat kos gemaak het, vir die wat kerkaksies bygewoon het.
- Eer mekaar as lidmate waardig van die roeping om 'n volgeling van Jesus te wees.

Gesels saam

Skrifgedeelte word bespreek deur die volgende 2 vrae te vra:

1. Wat leer ons oor God (Vader, Seun, Heilige Gees) uit hierdie gedeelte?
2. Wat leer ons oor onsself of mense in die algemeen in hierdie gedeelte?

Leer meer / kyk weer

Kliek hier vir verdere studie materiaal

Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? INWAARTS
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100
Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035